

Dinsdag 10 Augustus

Skrifgedeelte: Job 15

Fokusgedeelte: Job 15:11

'n Waarskuwingswoord aan die pastor

Dit is voorwaar 'n groot voorreg om in die bediening te mag wees. Elke gelowige staan immers met die gawes wat die Heilige Gees gee in een of ander bediening. Baie van ons se bediening behels om mense in moeilike tye by te staan en te vertroos.

Elifas en sy ander twee vriende het hulleself ook in hierdie bediening teenoor Job gesien. Hulle het die goeie bedoeling gehad om Job in sy bitter moeilike omstandighede te vertroos. Hulle vertroosting het egter die teenoorgestelde uitwerking by Job gehad – in plaas van kalmte, het hulle woorde opstandigheid opgewek. Job moes hom die heelyd teen hulle beskuldigings verdedig.

Alhoewel sommige woorde van Elifas met waarheid bestryk was, was hy ongelukkig arrogant genoeg om sy woorde die vertroostinge van God te noem. Dit is hier waar ek en jy versigtig moet wees wanneer ons iemand anders vertroos. Ons trooswoorde kan nie direk aan die Here toegeskryf word nie.

Egte vertroosting het inhoud en die inhoud is Jesus Christus, want Hy is ons enigste troos in lewe en in sterwe. Egte troos plak nie die kwaad maar net toe, maar is nederige bystand om die kwaad voor die aangesig van die Here bloot te lê. Egte troos verseker 'n mens dat daar in die bloed van Christus vergifnis is. Egte troos neem die gordyn voor my oë weg, sodat ek my omstandighede kan raaksien soos dit werklik is en nie soos wat dit vir my voel of ek gedink het nie. Egte troos is wanneer die Heilige Gees die trooster en die een wat bedien word, se oë rig op die Here Christus aan die regterhand van God.

Mag die Heilige Gees elkeen wat geroep is om te vertroos, lei om nederig die egte troos van God in Christus te bring.

Sing: Skrifberyming 12-2:4, 5

Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)